

## Hoofbeampte se kennisgewing

Geagte lid

Een van die onderwerpe wat die afgelope jaar die meeste bespreek was, is die weer en die droogte. Waterbepenkings en baie droë tuine is deel van ons lewens in die Wes-kaap. Maar ten spyte daarvan, getrou aan die Suid-Afrikaanse kultuur, is ons hoopvol dat dit wel sal reën en dat die damme sal opvul in die winter. Die droogte het ons laat besef dat ons ander en nuwe planne moet maak om water te bespaar, omdat ons in 'n waterskaars land bly. Net so moet ons ook dink aan alternatiewe en bykomende maniere om te spaar vir ons aftrede. In die nuusbrieff het ons 'n artikel ingesluit aangaande die opsies wat jy het wanneer jy die fonds verlaat.

Die Trusteese het die behoefte geïdentifiseer vir toegang tot individuele finansiële beplanners om lede by te staan met hulle finansiële beplanning. Na 'n deeglike proses van ondersoek het die Trusteese Verso Wealth (Edms) Bpk aangestel as die verkose adviseurs. Jy sal dus toegang hê tot professionele advies met betrekking tot voordele in jou fonds tydens onttrekking, aftrede, dood en mediese ongeskiktheid, indien jy van die diens wil gebruik maak. Lees ook die artikel, voorberei deur Verso Wealth, rakende die voordele indien jy nie 'n kontantuitbetaling by onttrekking neem nie.

Ek versoek u weereens om die Fonds met jou kontakbesonderhede te voorsien. Dit maak dit makliker vir die Fonds om met jou te kommunikeer oor belangrike en interessante onderwerpe.

Ek hoop u het die artikels opvoedkundig gevind.  
VURF groete

Brenda Krummeck  
Hoofbeampte van die Verso Sambreel Aftreepensioen - en Voorsorgfonds



# DIE VOORDELE OM TE SPAAR

Die inligting in hierdie illustrasie is verskaf deur B. Dunn, finansiële beplanners by Verso Wealth (Edms) Bpk. Verso Wealth is deur die Fonds aangestel as die verkose finansiële adviseurs. As jy enige finansiële bekommernisse het en advies benodig, kan jy 'n Verso Wealth beplanner kontak by 021 943 5301.

Jy bedank by jou huidige werk vir een van die volgende redes:

- Jy het 'n ander werk gekry;
- Jy, of n familielid raak ernstig siek;
- Jy wil nie langer daar werk nie, maar het nog nie 'n ander werk gevind nie;
- Jy het besluit om jou eie besigheid te begin;
- Jy is afgedank;
- Jy gaan aftree.

Wat kan jy doen met jou Aftreefonds voordeel?

1. Bewaar/behou dit (VURF of 'n bewaringsfonds, nuwe werkgewer se fonds);
2. Plaas dit oor (na 'n ander aftreefonds by 'n uittree-annuïteitsfonds);
3. Neem die kontant – neem alles of 'n gedeelte en begin weer van vooraf spaar.

**Die 3 heuningpotte verduidelik elkeen van hierdie opsies.**

**Opsie 1: Bewaar dit (Los die voordeel in VURF of plaas oor na 'n ander bewaringsfonds)**

- Geen belasting is betaalbaar nie.
- Jy mag nie ekstra bydraes maak in die bewarings heuningpot nie.
- Jy mag bydra in 'n nuwe aftreespaar heuningpot om aan te gaan met spaar vir aftrede.
- Jou bewarings heuningpot sal groei met beleggingsopbrengs.
- The bewarings heuningpot en nuwe aftreespaar heuningpot sal beide bydra tot jou aftree spaargeld.

**OPSIE 2: Plaas dit oor (Uittree-annuïteit of nuwe werk se Aftreefonds)**

- Dit laat jou toe om jou fonds spaargeld te bewaar.
- Nie belasbaar nie.
- Jy begin jou nuwe aftreespaarfonds halfvol en dra by tot die bestaande spaargeld vir jou aftrede.
- Dit beteken met tyd dat die heuningpot net voller en voller



- Soos die tyd aanloop sal rente en dividende in die heuningpot vloei en die markwaarde van jou aftreespaarfonds (belegging) sal verhoog.
- Jy sal in staat wees om maandeliks 'n bydrae te maak tot hierdie heuningpot en ook addisionele enkelbedrae wanneer jy wil.

### OPSIE 3: Neem die kontant

- Belasting word afgetrek op die bedrag wat jy in kontant neem.
- Daar is niks oor in jou eerste aftreespaarfonds se heuningpot nie.
- Indien jy weer begin spaar is jou nuwe heuningpot feitlik leeg of daar is net 'n bietjie daarvan oor.
- Dit beteken jy begin weer van voor afspaar.
- Jy sal nou die feit in die gesig moet staar dat jy uit tyd uit gaan hardloop en dat dit nie vir jou moontlik sal wees om jou heuningpot vol genoeg te maak om jou aftreespaardoel te bereik nie.



As jy dalk meer inligting of advies benodig om aftreebesparing te verbeter, kontak 'n Verso Wealth beplanner.

@ info@verso-wealth.co.za

021 943 5301

#### Besoek

www.versowealth.co.za

@versofinancialadvice

VersoWealthSA

https://www.linkedin.com/company-beta/10511022/

# VERSO®

WEALTH (PTY) LTD

Part of

**galileocapital**

Challenging Conventional Wisdom

# MOBIELE DATA PRYSE OM TE WEN!!!

## INTOUCH MOBIELE TOEP VIR JOU

Die InTouch mobiele toep gee jou, as a lid, eksklusiewe toegang tot jou persoonlike fondsinligting.

Dit beteken jy kan:

- Die waarde van jou fonds sien
- Toegang tot jou jaarlikse voordeelstaat hê
- Jou begunstigdes se besonderhede opdateer
- Jou kontakbesonderhede opdateer vinnig, maklik en veilig vanaf jou mobiele foon


### WEN DATA PRYSE

Hoe neem jy deel?

- Laai die InTouch mobiele toep af en registreer as 'n nuwe gebruiker.
- Wanneer jy aangeteken het, sal jy outomaties ingeskryf wees en staan jy 'n kans om mobiele data pryse te wen.

Hoe weet ek of ek gewen het?

- Jy sal n SMS ontvang om jou in kennis te stel dat jy gewen het.



### INTOUCH MOBIELE TOEP VIR JOU

Die InTouch mobiele app gee jou, as a lid, eksklusiewe toegang tot jou persoonlike fondsinligting.

- 1 Step 1.** Gaan na **Google Play of App Store**.
- 2 Step 2.** Soek vir "**InTouch by Verso**". Laai dit af en Aanvaar.
- 3 Step 3.** Maak die **InTouch** app oop. Druk op "**Login**".
- 4 Step 4.** Kies nuwe gebruiker "**New User**". Voltooi die vereiste velde.

Neem kennis: Jy sal slegs data ontvang op die selfoonnommer wat jy verskaf het by registrasie van die InTouch mobiele toep. Die data pryse is nie oordraagbaar nie.

### Vir bystand

☎ 021 943 5300 @ intouch@verso.co.za 🌐 <http://verso.co.za/page/mobile-apps/>

Die InTouch mobiele toep is aan jou voorsien deur Verso Finansiële Dienste (Edms) Bpk. 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer. FSP 14985.

## BESPARINGSWENK:

Weet wat jy  
betaal en  
waar jy  
inkopies  
doen

**M**eeste van ons is in die gewoonte om by dieselfde plek te koop en ons mag dalk nie eens beseef ons betaal nie die beste pryse nie. Gelukkig is daar 'n manier om die goedkoopste winkel te vind.

Al wat jy moet doen is om boek te hou van omtrent 20 items wat jy die meeste koop. Doen dan inkopies by verskeie winkels en vergelyk die pryse van die 20 items.

Uiteindelik sal jy een winkel vind wat die beste pryse bied vir jou aankope. Maak dit een van jou gereelde winkels waar jy inkopies doen en jy sal outomaties geld spaar.



# Bedank? Afgedank? Ontslaan? - Weet jy wat jou aftreefonds opsies is?

**W**anneer jy jou werkgewer se diens verlaat moet jy 'n baie belangrike besluit aangaande jou fondsspaargeld in VURF neem.

Dit is belangrik om te verstaan dat jou aftree-spaarplan nie ook stop wanneer jy die diens van jou werkgewer verlaat nie, dit moet net verder gespaar word op 'n ander manier.

Die meeste mense spaar nie genoeg vir hulle aftrede nie en die grootste rede daarvoor is dat hulle hul fondsspaargeld in kontant neem wanneer hulle van werk verander. Jy kan dit egter verander aangesien jy die geleentheid het om nie in dieselfde strik te val nie en in 'n beter finansiële posisie te wees wanneer jy die dag aftree.

'n Maklike opsie om jou fondsspaargeld te bewaar, is om die spaargeld te los in VURF.

## Die volgende opsies is beskikbaar vir jou:

- Bewaar jou fondsspaargeld in VURF (Verso Sambreeel Aftreefonds);
- Bewaar (oordrag) jou fondsspaargeld in 'n bewaringsfonds (bewaringsopsie);
- Dra jou fondsspaargeld oor na jou nuwe werkgewer se fonds;
- Dra jou fondsspaargeld oor na 'n uittree-annuïteit (jou finansiële adviseur kan jou advies gee hieroor);
- Neem jou fondsspaargeld in kontant.

## Hoe gee ek die instruksie?

Wanneer jy die diens van jou werkgewer verlaat, moet jy 'n eisvorm invul. Jy sal verskillende opsies gegee word, waaruit jy 'n keuse moet maak om sodoende die fondsadministrateur instruksie te gee oor wat om te doen met jou fondsspaargeld.

**BEWAAR  
=  
GEMAKLIKE  
AFTREDE**

## Uittreksel van eisvorm:

### VOORDEELOPSIES (Onttrekking en Aftrede Eise slegs)

Met sy aftrede uit 'n pensioenfonds 'n lid geregtig om te pendel om 'n maksimum van 1/3

- Los my voordeel belê in die Fonds tot verdere kennisgewing (di. Bewaring opsie)
- Betaal voordeel direk in my eie bankrekening soos hierbo vermeld.
- Betaal gedeelte van my voordeel in my eie rekening soos hierbo vermeld.

Spesifiseer bedrag of persentasie: \_\_\_\_\_

- Oordrag van Voordeel;  Volle voordeel
- Gedeelte van Voordeel: Spesifiseer bedrag of persentasie: \_\_\_\_\_

NAAM VAN FONDS: \_\_\_\_\_

TIPE FONDS: \_\_\_\_\_

KONTAKBESONDERHEDE: \_\_\_\_\_

**Hierdie artikel bespreek die opsie om jou fondsspaargeld in VURF te los, in meer detail.**

**Hoe gee ek die instruksie deur?**

Merk die eerste blokkie op die eisvorm.

Die voordele om jou fondsspaargeld in die Verso Sambreel Aftreefonds (Bewaring) te los:

- Geen belasting betaalbaar;
- Geen addisionele of aanvangskostes;
- 'n Minimale, maandelikse administrasiefooie is betaalbaar;
- Die fondsspaargeld bly in dieselfde beleggingsportefeulje (of in 'n portefeulje van jou keuse);
- Jy het die geleentheid om jou fondsspaargeld oor te plaas na 'n ander goedgekeurde fonds;
- Jy word een onttrekking toegelaat voor aftrede.

**Nota:**

- Geen nuwe bydraes word toegelaat nie;
- As jy die eenmalige onttrekkingsopsie gebruik kan dit jou eindvoordeel van jou afrede verminder.



☎ 021 943 5300   @ info@vurf.co.za   🌐 www.vurf.co.za